

Vrydag 19 Julie

Skrifgedeelte: Johannes 11:27-57

Fokusgedeelte: Johannes 11:40

As jy glo, sal jy die heerlijkheid van God sien

Partymaal vra mense my: Wat is die sleutel tot die verstaan van die Woord? Die kort antwoord is: Geloof in Jesus Christus is die sleutel tot ons verstaan. Sonder geloof in Jesus word die Bybel gereduseer tot 'n historiese werkstuk, 'n morele manifes, 'n boek vol gevare wat vernietig moet word, 'n misbruikte politieke stuk gereedskap, niks meer nie. Ons het afgesluit gister met die woorde: "Glo jy dit?" Die antwoord op die vraag gaan as't ware die kaf van die koring skei.

Marta en Maria se reaksie is nie ongeloof nie, maar twyfel. Gaan Jesus hulle broer kan opwek? Eers is daar sekerheid en dan 'n tikkie twyfel. Jesus gaan egter al hierdie twyfel wegneem deur dit wat Hy gaan doen. Wat gaan die reaksie wees van Marta en Maria nadat Lasarus opgewek is? Interessant, die gedeelte wys nie vir ons wat hulle reaksie is nie. Ons weet egter dat hulle gelowiges is wat deur hierdie gebeure in hulle geloof versterk is. Dis hulle wat by die voete van Jesus bly sit.

Die tweede reaksie vind ons van die groep Jode wat saamgegaan het graf toe. Vers 45 sê: Baie van dié wat saamgegaan het, het tot geloof gekom! 'n Deeltjie van hulle het egter na die Joodse leiers toe gegaan. Die Joodse Raad se reaksie is duidelik ongelowig. Die reaksie is voorspelbaar. Jesus is 'n bedreiging en moet doodgemaak word. Hulle vergader in die donker; die hoëpriester Kajafas maak dan 'n profetiese uitspraak. Ja, die Here werk deur die mond van ongelowige om sy plan te laat realiseer! Kajafas se woorde in vers 50: "... dat dit vir ons voordelig is dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie omkom nie."

Hoe pragtig wys hierdie woorde heen na Jesus. Jesus gaan as een Man sterf vir die volk sodat sy volk, die volk van God, nie omkom nie! Ek en jy is deel daarvan. Jesus kom wys in vers 40 dat dit gaan om sy heerlijkheid – dis Jesus wat hier verheerlik word!

Sing: Lied 329:1 (x2)

Ds. IH Scholtz (Zak) (Bloempark)